


# DISKRIMINASIE teen die vrou of nie?

Hoeveel dames wat in die Staatsdiens [illegible] assosieer?

"In 1964 het ek in die Staatsdiens 'n betrekking [illegible] oog op my huwelik en spyte van die feit dat ek [illegible] pos beklee het ingevolge art. 14(7) van Staatsdiens[illegible] die Staatsdiens bedank. Ek is weer na my huwelik [illegible] in die intreerang en met die verlies van my vakansieverlof [illegible] gewende diens en loopbaanvordering heraangestel. Sedertdien het dinge redelik positief verander maar as getroude vrou is ek steeds in die Staatsdiens nog nie 'n gewone personeellid wat in die voordele van die behuisinglening- en subsidieskemas kan deel nie. Daar word ook met my pensioen- en mediese voordele teenoor die van ander lede anders te werk gegaan terwyl die Staatsdiens nie vir my en ander vroue se diensbehoud wil voorsien nie. Ek vra: Is dit billik?"

## Die verlede

Kom ons gaan haal die probleem daar ver in die verlede:

- Tot 1976 moes permanente getroude vroue bedank wanneer hulle in die huwelik tree. Hulle kon weer heraangestel word maar slegs in 'n tydelike hoedanigheid. In sy 1968-verslag beveel die Kommissie vir Administrasie aan dat **vier** vroulike personeellede ná hulle huwelik permanent in diens gehou word en dat dié praktyk uitgebrei moet word. Tog vind ons dat in 1970 en 1974 vir elke jaar slegs een-en-dertig vrouebeamptes ná hulle huwelik permanent in diens gehou is. Met die wysiging van die Staatsdienswet na aanleiding van vertoë van die VSA het die praktyk om vroue ná hulle huwelik permanent in diens te hou egter sterk momentum gekry toe seshonderd ses-en-veertig vrouebeamptes daardie jaar ná hulle huwelik permanent in diens gehou is. Sedertdien het 'n vroulike personeellid se huwelik geen invloed op haar voortgesette **diensverbintenis** nie.
- Die getroude vrou as tydelike personeellid se dienste is beëindig om vir die ongetroudes plek te maak.
- Sekere poste was uitsluitlik vir die manlike personeellid gereserveer ongeag die kennis en vaardigheid van vroue.
- Loondispariteit is toegepas deur die vrou teen 'n laer salarisskaal as die man te besoldig.
- Die vrou was slegs op die helfte van die diensbonus wat die getroude man ontvang het geregtig, en so kan ons voortgaan.

## Die hede

Tans is 43 persent van alle tydelike- en 46 persent van alle permanente Regeringspersoneel vroue. Alles dui daarop dat hierdie persentasies verder gaan styg. Daar is ook sterk aanduiding dat sekere beroepe waarin vroue in die verlede 'n lae profiel gehandhaaf het, deesdae meer en meer deur vroue betree word. Dit geld veral vir beroepe in die administratiewe rigtings en die geestes- en natuurwetenskappe en semi-professionele beroepsrigtings. Hierdie neigings word aan die volgende toegeskryf:

- Die toenemende vraag na geskoolde mannekrag waaraan die mark net nie kan voldoen nie.
- Die toenemende ekonomiese druk waaraan huishoudings blootgestel word en waardeur vroue verplig word om te werk.
- Die groeiende ontwikkelingspeil van vroue en die beroepsgerigdheid wat dit tuisgebring het.
- Die verandering in denke ten opsigte van die hoedanighede van die vrou en die erkenning van prestasies ongeag die geslag dit wil sê die algehele deurvoering van die beginsels van meriete en bekwaamheid ten opsigte van die persoon ongeag die geslag.
- Die toenemende neiging by die manlike beginner om sy betrekking in die Staatsdiens vir 'n betrekking elders prys te gee waardeur die kundigheid op die agterblywende vrouekollegas oorgaan en nou behou word.

In die lig van bogenoemde en veral die toenemende waardevolle rol wat die vroulike amptenaar in die Staatsdiens speel, meen ons dat daar opnuut oor hulle status, loopbaanvordering en diensvoordele pakket besin moet word. By ontleding van wat buite in die arbeidsmark aangaan, lyk dit vir ons of vroue steeds die slagoffers van negentiende-eeuse perspektiewe is. Die vroulike personeellid in die Staatsdiens voel verontreg oor die volgende:

- Beperkte status – sedert die ontstaan van die Staatsdiens was daar nog nie 'n vrou wat die pos van direkteur-generaal in die Staatsdiens beklee het nie.
- Die werkgewer diskrimineer deur 'n skewe toepassing van die beginsels van moraliteit en goeie sedes. Sonder om ons op die terrein van die morele te waag, word die praktyk om 'n ongetroude vroulike lid van kraamvoordele uit te sluit, goedgepraat, maar die manlike lid wie se maat voor die huwelik swanger geraak het, word toegelaat om in dié voordele te deel.
- Daar word met die broodwinnerbeginsel tot uitsluiting van sekere voordele vir getroude vroue gewerk. Daar word nl. veronderstel dat behalwe vir 'n enkele uitsondering die getroude man in die eerste plek vir 'n gesin se onderhoud sorg en dat so 'n persoon op sekere voordele tot die uitsluiting van die getroude vrou daarvan, geregtig is. Om hierdie resultaat te bereik werk die Staatsdiens met die omskrywing van "huishouding" en "afhanklike" wat 'n getroude vrou behalwe vir 'n enkele uitsondering as afhanklike tipeer wat die volgende resultate oplewer:
  - Die getroude vrou is behalwe waar haar man blywend medies ongeskik is, van deelname in die voordele van die 100%-leningskema en die behuisingsubsidieskema uitgesluit. Uit hierdie hoek gesien word die vroulike personeellid gemiddeld R531,50 per maand minder as die manlike eweknie besoldig. Oor 'n delgingstermyn van 20 jaar is die besparing op die getroude vrou se dienste dus R525 789.
  - Sy word nie toegelaat om haar eggenoot en minderjarige kinders as haar afhanklikes by die mediese skema te registreer nie. Die werkgewer se besparing op bydraes vir haar kan tot R87,80 per maand beloop en word daar in so 'n geval oor 20 jaar R86 856 teenoor 'n manlike eweknie bespaar.

– Die vroulike personeellid word verplig om lid van 'n voorgeskrewe pensioenfonds te word maar –

- vir die manlike lid word vir 'n weduweespensioen voorsien maar daarteenoor word nie ook vir 'n wewenaarspensioen vir die vroulike lid voorsien nie. Met 'n salaris van R25 000 per jaar wat teen gemiddeld agt persent per jaar vermeerder, dra die werkgewer oor 20 jaar vir die vroulike lid wat lid van die Regeringsdienspensioenfonds is, R67 454 **minder** as vir die manlike lid by en in die geval van tydelike personeel subsideer die vroulike lede wat reeds 43 persent van die totale tydelike personeel uitmaak, die manlike lede se weduweespensioen aangesien die lidbydraes van manlike en vroulike lede dieselfde is;

- die getroude manlike lid sonder afhanklike kinders wat minder as tien jaar bydraende diens voltooi het se weduwee ontvang 'n gratifikasie gelyk aan die lid se jaarlikse eindsalaris, maar die wewenaar van die getroude vroulike lid ontvang via haar boedel slegs haar bedankingsvoordeel. Met een en nege jaar bydraende diens teen 'n jaarlikse eindsalaris van R25 000 is die vroulike lid se **pensioenverlies** teenoor dié van die getroude manlike lid soos volg:

  1 jaar – R23 500
  9 jaar – R11 558

- by die afsterwe van die getroude vroulike lid kom haar bedankingsvoordeel of pensioengratifikasie nie in die hande van haar wewenaar om vir hom en die afhanklike kinders aangewend te word nie, maar dit word in haar boedel inbetaal of indien afhanklike kinders nagelaat word, word dit aan die Weesheer of 'n trustee oorbetaal. Waar 'n manlike lid egter te sterwe kom, word sy gratifikasie direk aan die weduwee vir haar en die afhanklike kinders se lewensbestaan betaal;

- ten opsigte van voordeledoeleindes vir sover dit getroude vroulike lede betref, word dit aan die Direkteur-generaal van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling oorgelaat om te bepaal of getroude vroue afhanklikes het. Daar bestaan by hulle vir voordeledoeleindes, maar veral waar hulle minder as tien jaar bydraende diens voltooi het, dus altyd onsekerheid oor die vraag of hulle geag word 'n lid met afhanklikes te wees of nie.

Die vrou en haar besondere omstandighede met betrekking tot die huishouding word nie na behore deur die Staatsdiens as werkgewer in ag geneem nie. Slegs die vrou kan geboorte aan kinders gee maar ten spyte hiervan gebeur dit by herhaling dat die werkgewer (departemente) weier om aan vroue verlof toe te staan. Waar sodanige verlof nie toegestaan word nie, moet die vroue met die oog op die bevalling bedank. Indien verlof dan wel toegestaan word, kan vroue hoogstens hulle opgeloopte vakansieverlof en daarna verlof sonder betaling neem. Die werkgewer staan egter daarteenoor spesiale verlof met volle betaling vir studie, sport- en ander doeleindes geredelik toe. Spesiale verlof vir bevallings vir vroulike personeel, ongeag die huwelikstaat, is binne hierdie tydstip van ons verligte eeu nie veel gevra nie. Die Vereniging het reeds hierdie saak met die owerhede opgeneem en dit kom voor of die Kommissie vir Administrasie 'n gunstige houding oor hierdie saak inneem.

In die huidige tydsgewrig is die werkende getroude vrou soos haar eggenoot 'n proporsionele broodwinner tot die huishouding watter feite die werkgewer tot nadeel van getroude vroue dusver nog steeds weier om te erken. Die nadeel vir die getroude vrou is daarin geleë dat haar besoldigingspakket vir dieselfde en/of selfs beter werk baie kleiner as dié van haar manlike kollega is. Die getroude vrou se geldelike verlies uit haar verminderde dienspakket in die gemiddelde geval kan ten opsigte van die insidente hierbo genoem oor 'n bestek van 20 jaar soveel as R700 000 en selfs meer beloop. Die omvang en eksploitasie kan begryp word indien in ag geneem word dat 46 persent van alle permanente personeel in die Regeringsdiens vroue is. Daarbenewens is die vraag oor die status en posisie van vroue in die werkmilieu in die Staatsdiens nog onduidelik nl. of sy ten spyte van haar bekwaamheid en vaardighede ewe goed en tot dieselfde vlak as haar eweknie kan vorder.

Ons besef dat hier geen maklike kitsoplossing is nie aangesien uitskakeling van diskriminerende diensvoorskrifte met aansienlike finansiële implikasies in sekere gevalle gepaard sal gaan. Tog wonder ons of wetgewing teen diskriminasie van werkers in die algemeen ook met betrekking tot geslag en huwelikstaat soos in ander lande nie die aangewese uitweg is nie.

Waarvan ons egter oortuig is, is dat 'n dringende ondersoek na die aangeleentheid nodig geword het.

**Lig vir die pad**

*1 Timoteus 6 vers 17*

*Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet.*

# LETTERS



# BRIEWE



**Witwater-staatsbos**
**Privaatsak X803**
**Witrivier**
**1240**

**Die Redakteur**
**Die Staatsamptenaar**
**Posbus 40404**
**Arcadia**
**0007**

*Geagte meneer,*

*Graag wil ek net kommentaar lewer op Berna Burger se "Bedreigde Spesie"* (**The Public Servant,** *February 1989).*

*As vrou van dieselfde bedreigde spesie, voel ek so eens met wat sy skryf, behalwe dat daar nog soveel meer te sê is oor buitengewone werksomstandighede.*

*Die manne is moedeloos en dit kos baie dae se moed in praat en kalmeer.*

*Ons kan maar net saam sug en bid dat daar tog iewers uitkoms moet kom vir die "diehards" wat oorbly want die situasie het ondraaglik geword.*

*Die uwe,*

**J Fourie**